


# Beste mieliekultivars in SA

Moenie spring en blindelings die kultivar met die hoogste opbrengs aanplant nie. Vergelyk eerder meer as een produksiejaar se data omdat data van net een jaar nie die uitwerking van verskillende omgewingstoestande in ag neem nie.

## KORTOM

- Bestaande en nuwe mieliekultivars is gedurende die 2016-'17-produksiejaar deur die LNR geëvalueer om die beses vir elke produksiestreek en -toestande te bepaal.
- Dit help boere om 'n sinvolle seleksie te doen wanneer hulle plantmateriaal vir die komende planttyd moet bestel.
- Dit is raadsaam om meer as een produksiejaar se data te gebruik omdat data van net een jaar nie die impak van verskillende omgewingstoestande in ag neem nie.



Die Landbounavorsingsraad evalueer elke jaar verskillende gevestigde en nuwe mieliebasters om boere te help om 'n sinvolle kultivarseleksie te doen.

Die Landbounavorsingsraad, met die samewerking van saadmaatskappye en met die finansiële bystand van die Mielietrust, evalueer jaarliks die prestasie van mieliekultivars in die verskillende mielieproduksiestreke van Suid-Afrika. Die

doelwit is om boere by te staan in kultivarseleksie deur onafhanklike data wat wetenskaplik ontleed word, te gebruik.

Die mielieproduksiestreke word in ses streke ingedeel, naamlik watertafel (streek 1), weste (streek 2), gematigde ooste (streek 3), koel ooste (streek 4), KwaZulu-Natal (streek 5) en kultivars met 'n kort groeityd.

Proewe in streke 1-5 word op droëland gedoen en bestaan uit kultivars met 'n lang en mediumgroeityd. Die kultivars met 'n kort groeityd bestaan uit kultivars met 'n kort en ultrakort groeityd wat onder besproeiing aangeplant word.

Die kultivars in alle streke bestaan uit reeds gevestigde en nuwe kultivars. Nuwe kultivars

word in die tabelle met 'n asterisk (\*) aangedui.

## RESULTATE

Die resultate wat in die verslag aangedui word, is vir een produksiejaar (2016-'17), wat 'n aanduiding is van kultivarprestasie in die spesifieke omgewingstoestande wat in daardie produksiejaar voorgekom het. ▶

## HIÉR IS BESTE PRESTEERDERS

Die hoogste individuele opbrengs in al die LNR-proewe is behaal met die kultivar P 1745 R van DuPont Pioneer, wat met 'n opbrengs van 20,51 ton/ha in die proewe by Potchefstroom geskitter het.

In **streek 1** (watertafelgronde, **TABEL 1**) het die proewe gemiddeld 6,63 ton/ha opgelewer. DKC 78-45 BRGEN van Monsanto het vir die hoogste individuele opbrengs

gesorg, naamlik 11,97 ton/ha by Bothaville. Dié distrik het ook die hoogste gemiddelde opbrengs per distrik van 8,84 ton/ha opgelewer. DKC 75-65 BR en VP 8405 het saam vir die hoogste gemiddelde opbrengs van 7,59 ton/ha gesorg.

In **streek 2** (weste, **TABEL 2**) was die gemiddelde opbrengs 6,82 ton/ha. DKC 78-45 BRGEN het met 13,34 ton/ha vir die hoogste individuele opbrengs gesorg; hierdie keer by Lichtenburg. Die hoogste gemiddelde

opbrengs was 7,94 ton/ha met P 2961 WYR, terwyl Lichtenburg vir die hoogste gemiddelde opbrengs per distrik (9,39 ton/ha) gesorg het.

**Streek 3** (gematigde ooststreek, **TABEL 3**) se proefgemiddelde was 9,52 ton/ha. Die baster met die hoogste gemiddelde opbrengs was PAN 5A-182 (Pannar) met 10,63 ton/ha, die distrik met die hoogste gemiddelde opbrengs was Heilbron met 10,38 ton/ha en die hoogste individuele

opbrengs was 14,57 ton/ha met PAN 5A-182 by Delmas/Rayton.

**Streek 4** (koel ooststreek, **TABEL 4**) het 'n proefgemiddelde van 8,61 ton/ha gehad. Die hoogste gemiddelde opbrengs per distrik het 10,11 ton/ha bedra en was by Middelburg. PAN 4A-111 het vir die hoogste gemiddelde opbrengs per kultivar gesorg, naamlik 9,99 ton/ha. Die beste individuele prestasie was 12,41 ton/ha met DKC 73-74 BR, ook by Middelburg.

**Streek 5** (KwaZulu-Natal,

